PERSVERKLARING

SARS GEREED OM HERSIENE INKOMSTERAMING VIR 2026 TE VERWESENLIK

Tshwane, 21 Oktober 2026 – Dr. Johnstone Makhubu, kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), verwelkom die hersiene inkomsteraming van **R2,144 biljoen** wat die minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, in die mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) aangekondig het. Die hersiene raming verteenwoordig ’n verhoging van **R17,1 miljard** teenoor die raming van **R2,127 biljoen** in die Februarie 2026-begroting. Hierdie aanpassing kom ondanks die afwaartse hersiening van reële BBP-groei van **1,6%** tot **1,2%** in 2026. Hoewel verbeterde betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening ekonomiese bedrywigheid ondersteun, belemmer strukturele beperkings, soos logistieke en infrastruktuuruitdagings, steeds Suid-Afrika se groeivooruitsigte.

Teen 30 September 2026 het SARS **netto inkomste** van **R992,2 miljard** ingevorder, wat bruto invorderings van **R1,231 biljoen** en terugbetalings van altesaam **R239,1 miljard** insluit. Netto inkomste was **R15,5 miljard, oftewel 1,6%,** hoër as die raming in die Februarie 2026-begroting, en **R67,4 miljard, oftewel 7,3%,** hoër as die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Hierdie prestasie is ondersteun deur sterker invorderings van maatskappye-inkomstebelasting, binnelandse BTW en lopende betaalstelsel (LBS), tesame met laer BTW-terugbetalings as wat geraam is. “Die jaar-tot-datumresultaat toon die veerkragtigheid van Suid-Afrika se inkomstestelsel. Soos die minister egter in sy toespraak aangedui het, is volhoubare inkomstegroei uiteindelik afhanklik van ekonomiese uitbreiding, belegging, werkskepping en wydverspreide nakoming,” het Kommissaris Makhubu gesê.

SARS se nakomingsprogram en verwante pogings bly sentraal tot sy inkomste-bestuursfilosofie en die beskerming van die integriteit van die belasting- en doeanestelsel. Gedurende die eerste ses maande van die finansiële jaar het nakomingsingrypings ’n voorlopige bedrag van **R137,7 miljard** verseker, wat **R76,3**

miljard direkte kontantinvorderings en **R61,3 miljard** uit voorkomde inkomstelekkasie behels.

“Elke rand wat deur nakomingsingrypings verhaal word, beskerm eerlike belastingpligtiges en versterk die fiskale raamwerk. Nakoming is een van die doeltreffendste instrumente tot ons beskikking om die integriteit van die belasting- en doeane-ekosisteem te beskerm,” het Kommissaris Makhubu gesê. Hoewel die inkomsteprestasie gedurende die eerste ses maande ’n stewige grondslag bied, sal die verwesenliking van die hersiene inkomsteraming volgehoue invorderings- en nakomingspogings gedurende die res van die finansiële jaar verg. Ekonomiese toestande, veral binnelandse groei en verwikkelinge in die wêreldekonomie, sal steeds ’n belangrike rol in die uiteindelike inkomsteresultaat speel.

Inkomste gedurende die tweede helfte van die 2026/27-finansiële jaar sal na verwagting met **R66,3 miljard (6,1%)** toeneem, hoofsaaklik aangedryf deur lopende betaalstelsel (LBS), maatskappye-inkomstebelasting (MIB) en binnelandse BTW. Die MTBBV-raming vir die tweede helfte van die 2026/27-boekjaar is opwaarts hersien tot **R1,15 biljoen**, wat **R1,6 miljard (0,1%)** hoër is, hoofsaaklik weens ’n toename van **R11,7 miljard** in MIB (insluitende rente). Hierdie hersiening weerspieël ’n verbetering in die winsgewendheid van maatskappye, gemeet aan die bruto bedryfsurplus (GOS), waarvan die groei na verwagting van **3,5% tot 5,4%** sal toeneem. Hierdie verwagte groei in die GOS berus op die resultate van die eerste twee kwartale, wat onderskeidelik **10,7%** en **7,0%** beloop. Die raming vir binnelandse BTW is met **R2,5 miljard** verhoog, in ooreenstemming met die opwaartse hersiening van die groei in huishoudelike besteding van **5,1%** tot **6,2%**. Daarbenewens het die groeivooruitsigte vir invoere van **6,5%** tot **11,0%** verbeter, wat tot ’n verdere verhoging van **R2,2 miljard** in doeaneregte gelei het.

Hierdie opwaartse hersiening weerspieël die veerkragtigheid van inkomste-invorderings gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar, ondanks ’n uitdagende ekonomiese omgewing wat deur geopolitieke spanning, ontwrigtings in voorsieningskettings en stygende energiepryse gekenmerk word.

Die aangekondigde inkomsteraming stel SARS voor ’n uitdaging. SARS neem egter hierdie uitdaging op en bly verbind tot sy mandaat om alle verskuldigde inkomste in te vorder, nakoming te bevorder en wettige handel te fasiliteer. Dit sal die regering van die nodige hulpbronne voorsien om ’n bekwame staat te bou, die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van alle Suid-Afrikaners te bevorder, openbare dienste te lewer en infrastruktuurontwikkeling te ondersteun.

SARS neem kennis dat die inkomstevooruitsigte nie die verligting ten opsigte van die brandstofheffing insluit wat die minister tydens die MTBBV aangekondig het nie. Hierdie verligting weerspieël die regering se pogings om Suid-Afrikaners te help om stygende brandstofkoste en die gepaardgaande uitwerking op lewenskoste die hoof te bied. Kommissaris Makhubu het gesê: “Die fiskale posisie vereis gedissiplineerde uitvoering deur alle staatsorgane, asook ’n bekwame, betroubare inkomste-owerheid wat sy mandaat ferm, sonder aansien des persoons uitvoer. SARS sal volhou om alle inkomste wat regtens verskuldig is, in te vorder, wettige handel te fasiliteer en die inkomstebasis te beskerm waaruit die regering se ontwikkelingsagenda gefinansier word.”

Ondanks die uitdagende ekonomiese omgewing het SARS veerkragtigheid in inkomsteadministrasie getoon. SARS sal dus aanhou om nakoming te versterk, die inkomstebasis te beskerm en toe te sien dat alle inkomste wat regtens aan die staat verskuldig is, ingevorder word.

Kommissaris Makhubu het bygevoeg: “Die minister het al 14 500 SARS-werknemers uitgedaag om alles in hul vermoë te doen om die hulpbronne in te vorder wat nodig is om Suid-Afrika te laat werk. Ek is vol vertroue dat ‘Team SARS’ sal antwoord op die nasie se roep. Ek bedank ons werknemers vir hul onwrikbare toewyding, asook belastingpligtiges en handelaars wat hul verpligtinge nakom, vir hul bydrae tot die ontwikkeling van ons land.”

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE